

Sing vooraf: Psalm 92:3, 4 (p. 465)

- | | |
|---|--|
| 3 Hoe groot is, HEER, u werke,
hoe diep gaan u beleid!
Hoe reik u moëndheid
oor alle aardse perke!
Maar dwase sit gevange
en in hul waansin vas;
hul weet nie dat hul ras
sal struikel in hul gange. | 4 Hul groei in pragverskyning
soos plante, groen en fris,
terwyl hul einde is
verdelging en verdwyning.
Maar U is hoog verhewe:
u vyand, HEER, moet val;
geen onregwerker sal
ooit strafloos voor U lewe. |
|---|--|

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 36:3 (p. 179)

- 3 Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die eewige son / wat afstraal in ons oë.
HEER, laat u reg en goedheid wees / oor wie opreg u ken en vrees / en steun op u vermoë:
laat trotse voet my nooit vertrap, / nóg bose hand in ballingskap / my dwing om rond te swerwe!
Daar val die werkers van die kwaad / vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magt'loos sterwe.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 73:12 (p. 369)

- 1 Wie ver van U sy weg wil gaan, / stap op 'n donker afgrond aan.
2 U roei hul uit wat U gesmaad het, / in troueloosheid U verlaat het.
Maar dis my goed, my saalge lot, / as ek naby is by my God.
Ek het my hoop op God gestel / om al sy werke te vertel.

Skriflesing: Esegiël 36.

Teks: Esegiël 36:26, 27; Kategismus Sondag 33

En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.
(Esegiël 36:26-27 AFR1953)

Die eer van God word onder andere geopenbaar in sy genade.

- Hy sal ons almal wat in ons wese nie bekwaam is om Hom te eer nie, verander.
- Hy sal ons harte voorberei om die ware evangelie te kan verstaan, en te kan beoefen.

Hiervoor gebruik die Here sy Heilige Gees: Die Heilige Gees maak ons harte heilig sodat ons God weer met ons aanbidding kan heilig.

Dit gaan dus reguit oor bekering. Kom ons kyk eerste na die bekering van die mens, soos die Bybel dit beskryf:

1. Wat is bekering?

2. Waaragtige bekering is in jou lewe sigbaar.

1. Wat is bekering?

Die feit is net dat die mens nie meer in die volmaakte toestand is waarin die Here hom geskape het nie.

- Die mens het in sy gedagtes en in sy lewe sleg geword.
- Daarom moet hy heeltemal verander word om goed te kan doen, en om God reg te kan aanbid.

Hierdie verandering van die mens staan bekend as bekering.

- U moet nou nie skrik as u dit hoor, en dadelik vir uself sê dat u saak dan verlore is omdat uself nie die krag het om tot ware bekering te kan kom nie.
- Dis juis waar God se genade inpas: Hy leer dat Hy ons hart en gesindheid sal verander. Hy bewerk die ware bekering.

Van so 'n ware bekering lees ons in die geval waar Jona vir die mense van Ninevé gaan preek het. God het dat hulle op Jona se prediking tot bekering kom.

- Later het hulle weer in sonde geval, maar toe Jona vir hulle gepreek het, was hulle bekering opreg.
- Dit is ongelukkig ook so dat daar iets is soos 'n valse of 'n skynbekerings.
 - Dit is die soort van bekering wat voorkom by mense wat skynbaar tot bekering kom, en dan godsdienst net gebruik tot hulle eie voordeel.
 - Sulke bekerings hou dan gewoonlik ook nie lank nie.

Die bekering het twee kante:

- Aan die een kant beteken dit dat jy van jou kant af met die sonde moet breek.
- Paulus skryf van sy eie onmag in hierdie saak as hy baie keer die goeie wil doen, maar dan kry hy in homself die kwaad.

Maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon. Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie; want om te wil, is by my aanwesig, maar om goed te doen, dit vind ek nie.

(Romeine 7:17-18 AFR1953)

Die Bybel gebruik 'n baie merkwaardige woord as hy praat van die manier waarop ons van sonde ontslae raak. Die Bybel gebruik die woord **afsterf**.

- Dit beteken letterlik dat jy uit die sonde moet uitsterf, soos wat jy met jou aardse dood jou liggaam afsterf.
- Die bedoeling met hierdie beskrywing is dat jy so uit die sonde moet uitgroei dat jy die sonde vir dood agterlaat.

Romeine 6:6 vertel juis dat die Here Jesus met jy kruisdood die liggaam van die sonde doodgemaak het.

... aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie. (Romeine 6:6 AFR1953)

Die ander kant word genoem die **opstanding van die nuwe mens**.

- Dit beteken dat jy as mens positief moet lewe, en dat jou lewe weggebou moet wees van die sonde af.
- Anders gestel, sou dit beteken dat jy onder die leiding van die Heilige Gees moet lewe.
- Ons kry so 'n beskrywing van hoe die **nuwe mens** moet lewe in Efesiërs 6:10-18:

Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede. Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus. En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees—dit is die woord van God—terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges (Efesiërs 6:10-18 AFR1953)

Die teendeel is ook waar: as jy nie 'n ware bekeerde is nie, sal dit ook in jou lewe geopenbaar word.

2. Waaragtige bekering is in jou lewe sigbaar.

Hoe sal ons weet dat iemand 'n ware bekeerde is?

Dit sal uit sy gesindheid duidelik wees, veral die berou wat so 'n mens het oor die sondes wat in sy verlede lê.

Dink daaraan dat iemand net tot bekering sal kom wanneer hy werklike berou het oor sy sondes.

- Dis net die Heilige Gees wat iemand sover sal kan bring dat hy sy sondes in die lig kan sien waarin God dit sien.
- En dis net die Heilige Gees wat so 'n persoon dan die erns van die saak, maar ook die droefheid wat dit God aandoen, kan laat verstaan.
- Dis waarom bekering altyd gepaard gaan met 'n werklike hartseer oor al die sondes wat die persoon bedryf het.

God bewerk altyd twee dinge gelyktydig in die mens:

- Aan die een kant 'n afgryse in die sonde, en daarmee saam berou oor sy aandeel in die kwaad.
- Aan die ander kant die vreugde wat hierdie mens beleef noudat hy die verlossing verstaan, en begryp dat hy deel het aan die ewige lewe.
- Daarmee saam is daar 'n diep liefde vir God, en 'n opregte lus om nou net dit te doen wat goed en reg is.

Die dinge is mos ook dinge wat in die mens se lewe gesien kan word:

- Almal kan sien dat so 'n mens die vrede van verlos wees ken en ervaar.
- En almal kan ook sien dat so 'n persoon nie meer lus het om in sonde te lewe nie – hy probeer om net dit wat goed en reg is te doen.

Die troos van hierdie preek is dit:

- God het in die Ou Verbond al belowe dat Hyself ons verharde harte sag sal maak.
 - Hy het belowe dat Hy ons deur sy krag sal bekeer.
- Hy het inderdaad sy woord gestand gedoen toe Hy sy Seun vir ons laat sterf het.
 - Die Here Jesus Christus het die straf vir elke stukkie van ons verharding en verset teen God se beeld in ons voor God gedra.
 - Die gevolg is dat ons nie net vrygespreek kan word in die oordeel nie, maar ook dat die Heilige Gees na ons toe gestuur is om ons te bekeer.
- Deur die verlossingswerk van die Here Jesus kan elkeen van u weet dat God self u regverdig maak, en dat u deel in die volheid van sy genade. Ons kan weet dat ons deel in die volle verlossing van die Here Jesus Christus.

Kom ons lees Kategismus Sondag 33 saam.

Vraag 88: Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?

Antwoord: *Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens (a).*

(a) Rom 6:1, 4-6; Ef4:22-24; Kol 3:5, 6, 8-10; 1 Kor 5:7; 2 Kor 7:10.

Vraag 89: Wat is die afsterwing van die ou mens?

Antwoord: *Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug (a).*

(a) Rom 8:13; Joël 2:13; Hos 6:1.

Vraag 90: Wat is die opstanding van die nuwe mens?

Antwoord: *Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus (a) en 'n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe (b).*

(a) Rom 5:1; 14:17; Jes 57:15. (b) Rom 6:10, 11; Gal 2:20.

Vraag 91: Wat is goeie werke?

Antwoord: *Slegs die wat uit 'n ware geloof (a), volgens die Wet van God (b), tot sy eer gedoen word (c), en nie die wat op ons goeddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie (d).*

(a) Rom 14:23. (b) Lev 18:4; 1 Sam 15:22; Ef 2:10. (c) 1 Kor 10:31. (d) Eseg 20:18, 19; Jes 29:13; Matt 15:7-9.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 2:6 (p. 7)

- 7 Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd / met blydskap wat Hom huldig as die HEER, en kus die Seun in onderworpenheid, / buig jul voor Hom met vrees en bewing neer. Want lig'tlik kan Gods gramskap jul verteer / net soos 'n vuur, eers alte klein geag. Welsalig wie Hom huldig as hul HEER, / wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville

Datum: 16 September 2007 (aand)